BURGER (OOS KAAP)
20 Feb 2006
Page : 11 #

JEUGLEKTUUR

White Fang die Wolfhond is Janie Oosthuysen se nuwe Afrikaanse vertaling van Jack London se klassieke *White Fang* (1905). Hierdie sagteband van 254 bladsye word deur Human & Rousseau gepubliseer in die Libri-reeks (wat oorspronklik in die jare vyftig deur J.L. van Schaik uitgegee is). Soos die ander boeke in die dié reeks (kyk hieronder), kos dit R89,95.

Die Avonture van Tom Sawyer, Oosthuysen se nuwe vertaling van Mark Twain se *Tom Sawyer* (1881), verskyn ook weer in die Libri-reeks. Hierdie sagteband beslaan 264 bladsye.

Die Avonture van Sherlock Holmes, ook deur Oosthuysen vir die Libri-reeks hervertaal, het oorspronklik as vyf afsonderlike verhaalbundels deur Arthur Conan Doyle in die laat 19de eeu verskyn. Dit is 'n sagteband van 275 bladsye.

Skateiland, eweneens 'n Libri-vertaling deur Oosthuysen, het oorspronklik as *Treasure Island* deur Robert Louis Stevenson in 1882 verskyn. Dit is 'n sagteband van 270 bladsye.

NIE-FIKSIE

Rainfire – Women in Leadership in South Africa, onder redaksie van Glenda Wildschut, bevat bydraes waarin Nomusa Ntimbana, Shifra Jacobson, Mpho Ndebele en ander vroue oor hul ervaring van leierskap vertel. Die voorwoord is deur Leah Nomalizo Tutu. Hierdie sagteband van 102 bladsye word deur die Desmond Tutu-vredestigting uitgegee, en kos R80.

State of the Nation – South Africa 2005-2006, onder redaksie van Sakhela Buhlungu en ander, is die derde in 'n reeks RGN-publikasies met bydraes oor die eietydse politiek, ekonomie, maatskaplike kwessies en internasionale betrekkings van Suid-Afrika. Amanda Gouws en Percy Moleke is van die bydraers. Hierdie sagteband van 522 bladsye word deur HSRC Press uitgegee, en kos R190.